

**25 Mei**

**Verdriet oor verlore geluk**

**Skrifgedeelte: Job 29 en 30**  
**Fokusgedeelte: Job 29: 20, 21**

Job 29 vertel hoe skreiend Job verlang na sy eertydse lewensgeluk. Sy lewe was ryk en glansryk. Die mooiste egter was sy innige verhouding met die HERE (29:1-3). Die Almagtige was so intiem naby; alles het Job met sy hemelse Vriend gedeel. Sy tien kinders was ook nog almal rondom hom. Alle mense het hom hoog geag, nie vir sy rykdom nie, maar vir sy Godsvrees. Want almal was bewus hoe hy veral die minderbevoorregtes behandel het.

In 'n kwessie van enkele ure is dit alles egter vernietig. In Job 30 vertel hy hoe pynlik sy vernedering is. Verlate sit hy op die ashoop, nag en dag geteister deur die pyn van sy afskuwelike siekte. Die gemeenskap het hom wat so hoog aangeskrewe was, totaal uitgestoot. Die laagste uitvaagsels van die samelewing het vir hom geen respek nie, maar bespot hom en spoeg in sy gesig. Die ergste is dat hy daaruit moet opmaak dat God, sy so vertroude Vriend, verander het in 'n meedoënlose Vyand. Dit is Hy wat so verwoed teen my tekere gaan en my na die dood sleep, sê Job. Sou Hy dalk, soos die vriende volhou, my straf vir bedekte sondes? Kragtig ontken hy dit in Job 31. Hy weet hy ly onskuldig.

Plotseling kan ons lewe so drasties verander: 'n motorongeluk, 'n beroerte, kanker, die heengaan van jou lewensmaat, noem maar op. En al wat oorbly is dan die verskriklike heimwee na die beter dae. Jy voel jouself totaal ontredderd.

Wie het ooit gesmag na sy eertydse gemeenskap met God soos Christus aan die kruis? My God, waarom het U My verlaat? Net Christus se verlatenheid was plaasbekledend. Hy het dit in ons plek gedra. Dit beteken egter nie dat alle ontreddering ons gespaar word nie. Maar dit beteken wel dat ons in sulke omstandighede nooit bang hoef te wees dat God vir ons in 'n vyand verander het nie. Ja, Hy het Satan toegelaat om Job sy geluk te ontnem. Maar juis toe het in Job die verlange na God brandende gebly. En daardeur weet ons dat Hy die werk wat Hy in ons begin het, nie laat vaar nie.

*Sing: Psalm 77:4, 5 (1936-beryming)*

*Ds. Nardus Droomer (Emeritus)*